Beter as die lewe

Teks: Psalm 63: 1 - 12
Teksvers: Psalm 63: 4

1. Inleiding

Wanneer ons fokus op die behoeftes van die mens kom die hiërargie van Maslow na vore. Sedert hy dit gepubliseer het in 1943, erken en beleef mense die manier waarop die wêreld werk. In die piramide wat dit voorstel is voedsel en ander fisiologiese behoeftes op die heel onderste vlak. Getrou aan die natuur van ’n piramide is hierdie onderste vlak dan ook die grootste, met ander woorde ’n mens het die meer daarvan nodig as van die ander dinge.

Op die bopunt of kleinste volume van die piramide tref ons dan die transendensie behoeftes aan. Dinge soos filosofie en godsdiens. Of soos in ’n onlangse plasing sosiale media plasing: Politiek en Godsdiens. En wanneer ’n mens nou getrou aan hierdie benadering leef, beteken dit dat hierdie dinge die kleinste gebied van jou lewe sal beslaan. Tog is hierdie stukkie filosofie juis geskryf uit ’n behoefte oogpunt, soos die naam sê. Die idee is dat wanneer die swaarder gaan sal die mens die boonste vlakke opgee, om maar net ’n bietjie van die onderste vlakke te bekom.

Ons kan sê wanneer ’n mens jou in die woestyn bevind sal jou eerste prioriteit en behoefte wees, om voedselsekerheid te hê. Maar dit is dan wanneer ons die lied hoor wat Dawid in Psalm 63 sing. Hy is in die woestyn besig om weg te vlug vir sy seun Absalom. En dit waarna hy die meeste verlang is nie die vet en vettigheid van ’n goeie maaltyd nie. Nee, die vet en vettigheid waarna hy verlang word gevind in die tempel van die Here, volgens vers 6. Kom ons gaan bestudeer hierdie ware voedsel waarop ons gefokus moet wees.

2. Verdrukking openbaar nood

Iets wat ons almal uit ons persoonlike finansies en begrotings goed ken, veral deesdae, is besnoeiings of beperkings op uitgawes. Wanneer ’n mens in in Finansiële moeilike tye kom, weet ons moet uitgawes veral onnodige uitgawes gestop of ten minste baie beperk word. En dit is presies hier waar die behoeftes van die mens in kom, soos ons reeds gesê het.

Want wat vir die een persoon ’n luuksheid is, is nie noodwendig vir die volgende persoon ’n luuksheid nie. Ons almal ken die toets van wag sal jy saam neem as jy net binne ’n paar minute iets uit jou huis of besittings moet gryp voor jy verewig weggaan. Die ekwivalent hiervan is natuurlik waarna sal jy eerste verlang in ’n verlate woestyn gebied, wat juis arm aan hulpbronne is. Waarom is dit so belangrik om ’n satellietfoon te kan uithaal en hulp te kan ontbied wanneer ’n mens gestrand is in die woestyn?

Die eerste antwoord waaraan ’n mens dink is voedsel. Dit is belangrik dat ek voedsel by my het. Maar dit is hier waar ons Psalm vanoggend so treffend anders is. Dawid verlang nie na voedsel in die woestyn nie. Hy verlang na die goedertierenheid van die Here, volgens ons teksvers. Hy verlang na Godsdiens. Nou kan ons mos maklik vra hoekom. Dawid kan mos Godsdiens beoefen daar in die woestyn. Kan hy nie juis hier in die stilte op sy eie die teenwoordigheid van die Here beleef nie?

Maar waarna dawid verlang is aanbidding en veral lofprysing in die heiligdom van die Here. En ons weet dat dit ’n Ou Testamentiese verwysing na die tempel en gepaardgaande erediens is. Dawid verlang na georganiseerde Godsdiens saam met die gemeenskap van die gelowiges. Dit is die nood wat hy ervaar in hierdie verdrukking. Dit is eenvoudig nie vir hom genoeg om individueel eenkant in die geheim sy Godsdiens uit te leef nie. Vir Dawid is die kerk en gemeenskap van gelowiges onlosmakend deel van sy Godsdiens. Hy sê nie soos die moderne gelowige dat hy nie die kerk en gemeenskap van gelowiges nodig het om sy geloof uit te leef nie.

3. Belangriker as lewe

Ons wil vra, maar kan dit werklik Dawid se grootste behoefte in die woestyn wees? Met ander woorde is hy bereid om met ’n leë maag eerder lofliedere tot eer en verheerlik van die Here te sing. Of om dinge dan nou nog verder te vat. Wil hy eerder op ’n nugter maag na die tempel gaan, as om aan te sit by ’n ander feesmaal?

Wel Dawid is nie alleen in hierdie oortuiging nie. Trouens eintlik is hy in baie goeie geselskap met hierdie gevoel en oortuigings. In Matteus 4 is ons Here Jesus Christus ook in die woestyn. En sy fisiese honger word aan ons geopenbaar in die feit dat Hy 40 dae gevas het in Matteus 4: 2. Dan kom die versoeker na hom, met die belofte van brood. In die almag van ons Here Jesus Christus is Hy by vermoë om die klippe in brood te verander en Sy honger te stil. Maar ook Christus se verlange is anders.

Hy antwoord die versoeker in die bekende Mattues 4:4 : "'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom". Want die waarheid is en bly dat daar iets groter en belangriker is as om bloot lewendig te wees hier op aarde. Natuurlik weg ons die oorlewingstryd vir ons onsself en ons geliefdes elke dag hier op aarde. Ons gaan juis ook netnou in die tweede erediens fokus op die Here se opdrag om juis dit te doen.

Maar daar is iets groter en belangriker, iets wat ook verder gaan as hierdie aardse lewe. In genade ontvang ons verlossing deur genade alleen van die Hemelse Vader. En ons weet deur hierdie genadige verlossing in Christus ontvang ons ook die ewige lewe.

Om met die woord van die Here gevoed te word in die erediens is dus daardie voedsel wat belangrik is vir die ewige lewe. Dit is daardie voedsel wat Dawid in vers 6 van ons teksgedeelte beskryf as die vet en vettigheid wat sy siel versadig. Die is daardie voorreg wat hom laat met die lof van die Here op sy lippe. Dit is wat uiteindelik belangriker as lewe is.

4. Die lof aan die Here

Toe hier toe kon 'n mens nog individueel die vreugde van dawid uitleef. Ons kan op ons eie eenkant in stilte dankbaar wees omdat ons die troue liefde van die Here ervaar. Maar wanneer ons dit werklik ervaar, raak die al hoe moeiliker om eenkant stil te wees. Wanneer ons die kosbare troue liefde van die Here ervaar, wil ons die Here loof. Ja selfs al is my sang hoe gebrekkig en ver van die noot af, wil ek die Here loof.

En miskien is dit juis wat ook ons soos Dawid hier na die erediens trek. Die voorreg om saam met die gemeenskap van gelowiges die Here te kan loof in sang en lied. Om ook onder begaafde begeleiding en saam met broers en susters die heiligdom van die Here te aanskou en te antwoord in sang en lied. En dit is wat moeilik is in die woestyn. Die is moeilik om erediens te kan hou.

Tog het ons vandag 'n alternatief. Ons kan sondaeoggende hier bymekaar kom en ongestoor die Here loof in sang en lied. Ons beskik selfs oor fasiliteite en broers en susters in die geloof wat saam met die troue liefde van die Here kan beleef. Kom ons kom gereeld hier bymekaar juis met die fokus op die lof van die Here.

Want uiteindelik kan ons nie terug betaal vir die troue liefde van die Here nie. Ons kan maar slegs in nederigheid neerval en die Here daarvoor loof en prys. Ons hele lewens moet uiteindelik hierdie danklied tot eer van die Here wees. Dit is eindelik die goeie vrugte wat elke gelowige ook in sy of haar lewe moet voortbring. Want dit is uiteindelik belangriker as die lewe.

5. Slot

Ons het die preek begin deur op die behoeftes van die mens te fokus, en ons gaan ook so afsluit. Ons het gesien dit is duidelik dat hierdie behoeftes duideliker word namate beproewing oor ons pad kom. Wanneer hulpbronne skaarsers word, prioritiseer ons behoeftes wat kan bevredig word. En hierin lê ons praktiese toepassing vandag. Wanneer ek besef dat ek nie meer genoeg hulpbronne, soos tyd, moeite of finansies het nie, watter behoefte moet eers terugstaan?
Ken ons nie uitsprake soos ek is net te moeg en besig om nog eredienste ook by te woon. Duidelik impliseer die ook 'n ekstra of verdere behoefte. Of wanneer daar gevra word vir moeite hier in die gemeenskap van die gelowiges, hoor 'n mens maklik ek het nie tyd of energie vir dit ook nog nie. Weereens daardie ekstra saak.

Vir die gelowige moet die piramide van Maslow eintlik presies omgekeerd wees. Hy of sy moet die heel meeste aandag aan die trasendesiële saak van die Christelike geloof of Godsdiens spandeer. Dit moet ons diepste behoefte en verlange bly, nie maar iets wat ek doen wanneer ek reeds aan al my ander behoeftes voorsien het nie. Die aktiewe uitleef van my Christelike geloof, binne die gemeenskap van gelowiges, is nie maar 'n luukse waarby ek later sal uitkom nie. Nee, dit is 'n uiters belangrike noodsaaklikheid vir oorlewing.

Wanneer ons hierdie sake weereens die regte plek in ons begin gee, sal ons ook spoedig agterkom dat dit aangenaam is. Ja, dat dit uiteindelik meer vreugde kan verskaf as enige iets wat hierdie aardse lewe kan opdis.

Amen